Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2018

EKONOMIE V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

* J E C O N A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord vrae in volsinne en die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees AL die vrae noukeurig deur.

7. Begin ELKE vraag boaan ’n NUWE bladsy.

8. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.7 D.

1.1.1 Mikro-ekonomie bestudeer die gedrag van …

A sektore.
B nywerhede.
C die wêreld-ekonomie.
D individuele ondernemings.

1.1.2 Interne koste staan as …koste bekend.

A private
B sosiale
C openbare
D addisionele

1.1.3 ’n Onderneming sal sluit wanneer dit nie sy ... koste kan dek nie.

A marginale/grens-
B gemiddelde veranderlike
C totale
D gemiddelde vaste

1.1.4 ’n Hoof nie-winsgewende mededingingstrategie wat in monopolistiese mededinging gebruik word, is ...

A deur-tot-deur.
B besparing.
C kostebesnoeiing.
D advertensies.

1.1.5 Verkoop van identiese produkte aan verskillende verbruikers teen verskillende pryse, is prys- ...

A vasstelling.
B diskriminasie.
C stelling.
D neming.

1.1.6 Mark-ewewig vind plaas wanneer die …

A individuele onderneming pryse verander.
B produsent ŉ prysnemer is.
C hoeveelheid gevra gelyk is aan hoeveelheid aangebied.
D produsent sy eie prys vasstel.

1.1.7 Maksimum wins word altyd verdien by die punt waar marginale/grens inkomste gelyk is aan … koste.

A totale
B gemiddelde
C marginale/grens-
D vaste

1.1.8 Deur prysbeheer in te stel, kan die regering ekonomiese wins van produsente ... om die nywerheid meer mededingend te maak.

A verlaag
B laat toeneem
C elimineer
D maksimeer (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn omskrywing in KOLOM B wat pas by ʼn begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Volmaakte mededinging	A	die houer is die enigste een wat die produk kan produseer
1.2.2	Vaste kostes	B	maak super-normale wins oor beide kort- en langtermyn
1.2.3	Patente regte	C	is ʼn voorbeeld van negatiewe eksternaliteit
1.2.4	Verlore koste	D	gebruik tydens besluitneming om projek te aanvaar of verwerp
1.2.5	Monopolie	E	kopers en verkopers het nie markkrag nie
1.2.6	Gemeenskaplike besit	F	kan nie verhaal word as die onderneming die nywerheid verlaat nie
1.2.7	Besoedeling	G	verander nie as uitset verander
1.2.8	Koste Voordeel Analise	H	daar is ʼn net paar besighede
		I	gereeld as gevolg van gebrek aan eienaarskap uitgebuit

(8 x 1) (8)

1.3 Gee die korrekte begrip vir elk van die volgende frases.

1.3.1 Die addisionele eenheid uitset wat geproduseer word as ʼn ekstra eenheid van die veranderlike inset bygevoeg word by die vaste inset

1.3.2 ʼn Prys wat onder die ewewigsprys/markprys vasgestel word om goedere meer bekostigbaar te maak

1.3.3 Die maksimum omset wat die eienaar van ʼn besigheid verwag om te ontvang ten einde hom in die nywerheid te hou

1.3.4 Voordele aan die gemeenskap wat dikwels nie deur individue bereken word nie

1.3.5 ʼn Individu wat voordeel trek uit ʼn goed of diens, selfs al betaal hy nie daarvoor nie

1.3.6 ʼn Markstruktuur waar die industrie deur twee groot produsente gedomineer word (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2 **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van volmaak mededingende markte. (2)

2.1.2 Hoe kan die regering belastings aanwend om produksie en verbruik te verlaag? (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

INKOMSTE VAN ’N MONOPOLIE

Hoeveelheid	Prys	Totale inkome	Marginale inkome	Gemiddelde inkome
1	50	50	50	50
2	40	80	30	40
3	30	90	10	30

’n Monopolie, die enigste verkoper, verlaag die prys ten einde die vraag na sy produkte te verhoog.

2.2.1 Hoeveel verkopers is in ’n monopolie? (1)

2.2.2 Watter inkome is gelyk aan die prys? (1)

2.2.3 Wat is die formule om marginale inkome te bereken? (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks skaalvoordele as ’n hindernis tot toetrede by ’n monopolie. (2)

2.2.5 Hoe word verbruikers beïnvloed deur die bestaan van monopolieë? (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

UNIES HET GEMENGDE REAKSIE OP NASIONALE MINIMUM LOON AANKONDIGING

President Jacob Zuma se kabinet het die implementering van die nasionale minimum loon en regeringsbeleid goedgekeur en wil hê dit moet op Mei 2018 in werking tree, teen R3 200 ’n maand of R20 per uur. Sommige lae inkome professies, soos plaaswerkers en huishulpe sal vrygestel word. Unies het gemengde reaksie op die minimum loon aankondiging, Cosatu en Fedusa het die beleid verwelkom en sal help om ongelykheid en armoede te verlig. Inkomste is baie belangrik vir werkende mense. Dit sal help om die ekonomie te stimuleer want meer verbruikers sal meer geld in die ekonomie bestee. SA Federasie van Handelsunies (Saftu), het dit verwerp.

[Bron: Aangepas uit *ECONOMY*, 5 November 2017]

2.3.1 Identifiseer uit die uittreksel, TWEE groepe werkers, wat nie ingesluit word in die minimum loonooreenkoms nie. (2)

2.3.2 Omskryf kortliks die begrip *minimum lone*. (2)

2.3.3 Verduidelik die impak van minimum lone op die vraag na en aanbod van arbeid. (2)

2.3.4 Waarom is die nasionale minimum loon goed vir Suid-Afrika se ekonomie? (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen ’n *volmaakte mark* en ’n *monopolie* met verwysing na die pryse, wins, hoeveelheid en koste. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe sal nuwe toetreders in die volmaak mededingende mark die winsvlak van bestaande besighede beïnvloed? (8)

[40]

VRAAG 3 **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE soorte monopolieë. (2)

3.1.2 Wat sal die uitwerking wees as ’n onderneming in ’n volmaakte mark besluit om die prys van sy produk te verhoog? (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

DIE VRAAGKURWE VAN ’N OLIGOPOLISTIESE ONDERNEMING

Die vraagkurwe van ’n oligopolistiese onderneming was in 1939 deur die Amerikaanse ekonoom Paul Sweezy ontwikkel.

Die geknikte vraagkurwe illustreer die belangrikheid van interafhanklikheid en onsekerheid in ’n oligoplositiese mark en verduidelik waarom daar ’n mate van prys stabiliteit in so ’n mark is.

Elke onderneming kom te staan voor ’n vraagkurwe, met twee segmente vir sy produk. Die twee segmente is elasties en onelasties.

3.2.1 Wie het die teorie oor die vraagkurwe van ’n oligopolistiese onderneming ontwikkel? (1)

3.2.2 Wat word die vraagkurwe van ’n oligopolistiese onderneming genoem? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks ’n *onelastiese vraag*. (2)

3.2.4 Verduidelik *onderlinge afhanklikheid* as ’n eienskap van ’n oligopolie. (2)

3.2.5 Teken ’n geknikte vraagkurwe met volledige byskrifte. (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

JASCO GEE OP OOR CROSSFIRE VERKRYGING

Jasco Electronics Holdings het ʼn beplande verkryging van Cross Fire Management gestaak, nadat die mededingende gesag verlede maand ʼn uitslag teen samesmelting gelewer het.

Die Mededingingskommissie het die voorgestelde samesmelting verbied en gesê dit sal waarskynlik, "mededinging in die verskaffing van aktiewe brandbeskermingstelsels beduidend voorkom of verminder", veral in die Wes-Kaap en Gauteng streke.

[Bron: Aangepas uit *fin24*, 3 Augustus 2017]

3.3.1 Watter gesagstruktuur het nie die samesmelting van Jasco en Cross Fire goedgekeur nie? (1)

3.3.2 Wat was die rede vir die afkeur van die samesmelting? (1)

3.3.3 Verduidelik enige ander TWEE doelwitte van die Mededingingsbeleid, buiten die een in die uittreksel. (2 x 2) (4)

3.3.4 Na jou mening, hoe sal die ekonomie voordeel trek uit regverdige mededinging? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen die *korttermyn* en die *langtermyn*. (2 x 4) (8)

3.5 Verduidelik met behulp van ʼn grafiek met volledige byskrifte, die uitwerking daarvan om aan produsente subsidies te verskaf, as ʼn vorm van regeringsinmenging tydens markmislukking. (8)

[40]

VRAAG 4 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Gee TWEE voorbeelde van gemeenskapsgoedere. (2)

4.1.2 Waarom sal die gemeenskap die bestaan van gedifferensieerde produkte aanvaar in plaas van homogene produkte? (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

MONOPOLISTIESE MEDEDINGING

Solank as wat verbruikers dink dat produkte verskil, sal produkte verskil. Dit maak nie saak of die verskille werklik of kunsmatig is nie.

4.2.1 Identifiseer die markstruktuur hierbo. (1)

4.2.2 Is die verskil tussen die produkte hierbo, werklik of kunsmatig? (1)

4.2.3 Verduidelik handelsmerke as ’n nie-prys strategie wat deur monopolistiese mededingers gebruik word. (4)

4.2.4 Waarom het monopolistiese mededinging nie volle beheer oor die prys nie? (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



4.3.1 Teen watter prys sal die individuele besigheid sy produkte verkoop? (1)

4.3.2 Hoe is die helling van die vraagkurwe van die industrie? (1)

4.3.3 Verduidelik kortliks die frase, '*besighede is prysnemers'*. (2)

4.3.4 Hoe word pryse in die industrie bepaal? (2)

4.3.5 Teken die grafiek van die individuele besigheid oor in jou ANTWOORDEBOEK en voeg kurwes by wat aantoon dat die besigheid 'n ekonomiese wins realiseer. (4)

4.4 Verduidelik die gebruik van 'n Koste Voordeel Analise (KVA). (8)

4.5 Hoekom sal dit nie 'n monopolie baat om sy pryse baie te verhoog nie? (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding • ’n Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek.	Maks. 2
Inhoud **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ’n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks	Maks. 10
Slot Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende behoort in te sluit: • ’n Kort opsomming van wat bespreek is/ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal • ’n Mening of gewaardeerde oordeel oor die bespreekte feite • Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk/ontleding • ’n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5 **40 PUNTE – 40 MINUTE**

‘Oligopolie markstrukture word regoor die wêreld gevind. Baie van die wêreld se primêre vervaardigde en tersiêre uitsette word geproduseer deur oligopolistiese nywerhede’.

- Ondersoek, in detail, die oligopolie onder die volgende hoofopskrifte:
  - Aard van die produk (6)
  - Prysbeheer (6)
  - Samespanning (14) (26 punte)
- Hoe kan ondernemings in ’n oligopolie hulle markaandeel in die ekonomie verhoog? (10 punte)

[40]

VRAAG 6 **40 PUNTE – 40 MINUTE**

'Om op markte staat te maak vir die verskaffing van goedere en dienste is nie altyd 'n goeie besluit nie.'

- Bespreek die volgende faktore wat lei tot wantoekenning van hulpbronne in die mark:
  - Onvolmaakte mededinging (8)
  - Meriete en nie-meriete goedere (10)
  - Onbeweeglikheid van produksiefaktore (8) (26 punte)
- Met behulp van 'n grafiek met volledige byskrifte, verduidelik produktiewe ondoeltreffendheid, as 'n oorsaak van markmislukking. (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou